# Hou moed 3:

# Opofferings en leiding

**Lizette Du Piesanie 9 Desember 2018**

1. **CHRISTENSKAP SLUIT NIE LYDING UIT NIE**

   **Johannes 16:33 (1983 vertaling) "Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."**

**1.1** Ons SAL moeilikheid hê.
**1.2** Gevegte met die duiwel maak ons groot.

   **1 Johannes 2:13 (1953 Vertaling) "Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het. Ek skryf aan julle, kinders, omdat julle die Vader ken."**

2. **ONS HET 'N KRUIS**

   **Lukas 14:27-30 (1953 Vertaling) "En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie. Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie? — sodat as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, nie miskien met hom sal begin spot 30 en sê: Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie."**

**2.1.** Christene is nie Christene omdat hulle kerk toe gaan nie.
**2.2.** Christene is nie Christene omdat hulle in God glo nie.
**2.3.** Ware Christene is Christene wanneer hulle hulle kruis optel.

3. **ONS IS LEWENDE OFFERGAWES**

**3.1.** 'n Nederige lewe is nie maklik nie.
**3.2.** Opoffering is nie maklik nie, maar dis die moeite werd.

# Gesprek Gits

## Hou Moed 3:

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Voel jy soms ontmoedig as gevolg van al die moeilikhede in jou lewe?
2. Wat is die kruis wat jy op die oomblik dra? Is jy bereid om opofferinge te maak vir dit waarin jy glo?
3. Het die moeilikhede wat jy in die verlede moes deur loop jou 'n sterker persoon gemaak?